# STROOM-OP.

LAAT DAAR LIG WEES

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

1STE TERMYN 1983

A H M P
EK SIEN HAAR WEN


# Puik dirigente — waar is die prestasies?



*Ons pragtige dirigente*

Ek is moedeloos, raad op! Ek verwyt myself, want ek kon vandag goed presteer het op Pilditch. 'n Traan rol oor my wang, maar dit sal nie nou help om my kop in skaamte te laat sak nie; nie vir die skool se prestasie òf vir my luiheid nie . . . Met 'n skrale, twee punte het ons die geesbeker verloor — dít wat ons enigste hoop was. Almal belowe hulself dat hulle volgende jaar sal volhard en uithou tot die bittere einde. Waar het jy nou gesien'n Affie laat haar onderkry?

Verlang jy nie ook vandag daarna om ander bekers — die Puntebeker — na Affieland te bring om hier te pronk nie? Verlang jy nie net soos ek terug na die goeie ou dae in die A-bond nie? Ons verlang seker almal daarna, maar al hoe ons dit gaan regkry, is deur te oefen! Ons moet nou reeds begin. Die oefening het reeds begin, en ons landloop beloof om baie geslaagd en suksesvol te wees.

Wil jy nie ook weer langs jou Broerskool op die paviljoen sit en wys waartoe jy in staat is nie? Dis juis húlle wat hierdie jaar uitgeblink het op die atletiekbaan. Verlede jaar het hulle vyfde geëindig en hierdie jaar eindig hulle derde. Hulle was 'n skrale ses punte agter die tweede span. Daar is dus baie potensiaal. Ek het gesien hoe hard hulle oefen en hoe selfs die geringste een sy klein deeltjie bydra.

Komaan Affies, ons wil weer A-bond toe. Hulle het ons in elk geval nodig om gees in die byeenkoms te blaas.


Dra jy dan ook nou jou deel by en wees verseker, met die opbou van'n goeie én gesonde gees sál ons volgende jaar 'n puik atletiekspan hê. Een van hierdie dae sit ons weer langs ons Broerskool — sal dit nie lekker wees nie?

## Affies toon veggees

**Op Donderdag 3 Maart 1983 het die jaarlikse Interhoër Atletiekbyeenkoms van die A-bond op die Pilditch-stadion plaasgevind. Na 'n heerlike dag van goeie atletiek het Affies derde geëindig, kort op die hakke van Voortrekkerhoogte.**

Elke Affie was van die begin af vasgevang deur die skouspelagtige atletiek. Atletiek van hoogstaande gehalte is gelewer en reeds vroeg die oggend was almal verbaas deur die hoeveelheid rekords wat geëwenaar en geslaan is. Die opgewondenheid van die toeskouers is duidelik geopenbaar in die geesdriftige sang en ondersteuning. Toe die dirigente op pad was, het die Affies hulle van ver af luid toegejuig en elkeen kon die gees en opgewondenheid aanvoel.

Na die eerste paar items was Affies tweede laaste van die seuns, wat die puntestand betref het, maar van woed verloor, was daar nie sprake nie. Stadigaan het ons al hoe beter gevaar en op elke atleet se gesig kon gelees word dat hy sy bes doen. Die strawwe kompetisie en harde mededinging kon duidelik gesien word in die puntetelling, later die dag, toe die seuns van Menlopark eerste en Affies en Oos Moot saam tweede was, en op een punt na, was Voortrekkerhoogte derde.




Later die oggend moes elke skool hul skoollied sing en die kreet skree. Van 'n kant af is begin en toe daar van die skole al besig was, kon daar nog 'n rumoerigheid op die pawiljoene gehoor word. Toe Affies egter aan die beurt gekom het, het almal stil geword om te hoor hoe Affies se seuns hul skoollied sing. Elke Affie het uit volle bors gesing en die trots waarmee elkeen dit gedoen het, was duidelik sigbaar.

Toe net die aflosse nog voorgelê het, is daar op die pawiljoen uit volle bors gesing. Toe die skoot klap vir die eerste seunsaflos, het al die Affies opgestaan en só, met die aanmoediging van die toeskouers, is Affies se atlete deur die ondersteuning as 't ware tot by die wenpaal gedra. Die uitslae van die aflosse was soos volg: o/13 en o/14: eerste plek; o/15 en o/17: derde plek; o/19: vierde plek.

Die kompetisie was straf en die A-bond atletiek was van hoogstaande gehalte. Goeie tye en afstande is behaal. Van die velditems waar Affies eerste plekke behaal het, was: H. Bosman (Hoogspring o/13) 1,53 m; S. Cornelius (Gewigstoot o/13) 11,33 m (nuwe rekord); C. Angelo (Paalspring o/16) 3,8 m (nuwe rekord); S. du Plessis (Spiesgooi o/15) 58,18 m (nuwe rekord). Van die eerste plekke in die baanitems was: J. van Heerden (400 m o/16) 51,2 sek; S.W. Esterhuyzen (400 m o/17) 50,0 sek en S.W. Esterhuyzen (800 m o/17) 1:59,5 sek. Sewe-en-twintig van Affies se atlete het gekwalifiseer om aan die Noord-Transvaalse Junior Atletiekkampioenskappe deel te neem.

Die finale puntestand van die seuns het só gelyk: Wonderboom — 89; Overkruin — 132½; Gerrit Maritz — 143½; Oos Moot — 152; Afrikaanse Hoër Seunskool — 176, Voortrekkerhoogte — 182½; Menlopark — 294½.

Tevrede en gelukkig is ons uitmekaar en dit was weer 'n dag waarop sport geseëvier het. Elke Affie het gevoel dit was oor en oor die moeite werd en na afloop van die byeenkoms kon almal die gees onder die seuns bemerk.


Clutter & Thyme

**Festivalstr. 379**
**Hatfield**
**Pretoria**
**Tel: 437767**

Handgebreide woltruie
Handgeweefde katoen
Mooi herfsrokkies

SPESIALE GESKENKE
VIR SPESIALE MENSE

# REDAKSIONEEL

## REDAKSIE — 1983

| | | | |
|---|---|---|---|
| Redakteur/ise: | C. Myburgh | & | H. Rolfes |
| Subredakteur/ise: | C. Botes | & | M. Botha |
| Kultuur: | D. du Toit | & | E. Grobbelaar<br>D. Smith |
| Sport: | J. Maritz<br>A. Venter | & | H. Wolmarans<br>E. Oosthuizen |
| Fotografie: | P. Potgieter<br>E. Steyn | & | Y. Zylstra<br>L. de Jager |
| Advertensies: | G. Retief<br>F. Combrink | & | S. Botha<br>A. Maré |
| Algemeen: | J. de Bruyn<br>M. Myburgh<br>P. Herman | & | C. Koch<br>I. du Preez<br>M. Cunniff |

## Van inisieerder tot beheerder

**Die leierskursus is deur al die leiers in A.H.M.P. en A.H.S.P. bygewoon. Die leiers se ouers sowel as belangstellende onderwyseresse was teenwoordig. Ds. Oosthuizen het die verrigtinge geopen met skriflesing en gebed. Ons hoofmeisie, Christa Krüger het daarna 'n pragtige viooluitvoering gelewer en mevrou De Villiers het haar begelei.**

Prof. Maree, die Rektor van die Pretoria se Onderwyskollege, het die kursusgangers toegespreek oor "Die Christenleiers op pad na Eeuwisseling". Die toespraak was vol statistiek en aktuele gebeure. Die karaktertrekke van 'n leier o.a. inisieerder, antisipeerder, organiseerder, interpreteerder, rigtinggewer e.a. is baie goed bespreek en het ons uitkyk op die lewe van 'n leier baie verbreed. Mev. De Villiers het ons daarna vergas deur 'n paar van haar eie komposisies te sing. Mev. Roodie en Mev. Bauer het (na afloop van die verrigtinge) gesorg vir heerlike verversings. Dit was 'n baie genotvolle en leersame aand.

## Alma Mater is trots op Hoof!

In die jongste uitgawe van "Die Bult", oud-studenteblad van Kovsieland (Universiteit van die Oranje-Vrystaat) word erkenning verleen aan die toekenning vir meer as 25 jaar getroue diens wat mej. H.A. Holtzhausen verlede jaar ontvang het tydens die jaarlikse erekleuredag wat by A.H.M.P. gehou is.

Die Kovsies en oud-Kovsies het met trots verneem hoe hierdie oud-Kovsie haar reeds op verskeie gebiede hier in Transvaal onderskei het. Geen wonder dat menige oningeligte Transvaler nou ook weet van die Vrystaat en Vrystaatse talent.


Meegaande foto wat by die geleentheid in 1982 geneem is, verskyn saam met die berig wat ter insae in die Biblioteek is.



*Prof. Van Niekerk, destydse Adjunk-direkteur van Onderwys, oorhandig die toekenning aan mej. H.A. Holtzhausen.*

## Affies '83 — 'n Jaar om te onthou!

**Met 'n groot skok het ons tot die besef gekom — dit is ons laaste jaar op skool, op Affies!**




Die idee om in matriek te wees, was so onwerklikheid die eerste paar dae. Die hele tyd het ons rondgesoek na die vorige matrieks. "Kruip hulle weg? Nee! Ons is die matrieks! Ons is die leiers! Ons is die seniors!"

Waar ons nou aan die einde van die eerste termyn staan, kan ons met reg trots wees op 'n goeie termyn. Op atletiek-gebied het ons werklik goed gevaar en Affies se naam weer hoog gehou, na ons nederlaag verlede jaar. Al het hierdie termyn sy laagtepunte gehad, het ons hierdie jaar nogtans goed begin.

Maar goed begin is half gewin, en nou hang dit van elke Affie af, of ons die ander helfte ook gaan wen. Elkeen sal sy deeltjie moet bydra, op watter gebied ookal. Bring jou kant vir Affies!

Hierdie jaar gaan net so suksesvol wees soos baie voriges. Net Affies kan 'n skoollied so hard soos op Pilditch sing. Almal het geluister. Net Affies kan 'n kreet so hard skree soos die dag voor Interhoër in die saal. Dit is lekker om 'n Affie te wees!

Aan al die matrieks: sterkte vir die res van die jaar. Dit is ons laaste jaar. Kom ons maak van 1983 'n jaar om te onthou. Rian, ons staan almal agter jou! Ons gaan Affies se naam hoog hou en sy lig hoog laat skyn!

Laat daar lig wees!

Redakteur '83.

## Affie — heldedag

### Op Maandag, 24 Januarie is een van ons mede-Affies vereer vir 'n heldedaad


Mark Minnaar het verlede jaar 'n konstabel se lewe gered, wat deur twee inbrekers aangeval is. Konstabel Bouwer is na 'n huis ontbied waar skynbaar twee inbrekers doenig was. Met sy aankoms het hy hulle probeer arresteer. Die inbrekers het egter "beserk" geraak en Konstabel Bouwer aangeval.

Mark Minnaar was in die omgewing van die gebeure. Hy het egter nie soos die ander omstanders gestaan en toekyk nie, maar het nader gehardloop en een van die aanvallers van Konstabel Bouwer afgeslaan. Hy het gehelp om die manne te arresteer.

Mark het nie aan homself gedink nie, maar het slegs probeer om die konstabel se lewe te red, alhoewel die aanvallers baie groter as hy was.

'n Brief van bedanking van die Suid-Afrikaanse Polisie is aan Mark oorhandig.

Mark se heldedaad sal nog lank onthou word! Ons kan almal 'n les leer uit Mark se optrede wat die konstabel se lewe gered het. Ons kan elkeen poog om so 'n ideale Affie te wees! Ons is trots op jou, Mark!



*Mark skud hand met konstabel Bouwer.*


## ONS GROET LIEWE MEV VAN WARMELO!

**'n Affie in murg en been, ja beslis, want vanaf 1951 tot 1982 is mev. Rita van Warmelo by ons. 'n Volle 31 jaar!!**

Sy het 'n unieke stempel afgedruk op ons skool en nog nóóit, já nooit, het sy 'n fout begaan in die boeke wat sy as hoofsekretaresse behartig het nie. Vriendelik, getrou, reguit en soos mej. Holtzhausen sê: "the hand that rocks the cradle of Affieland is the hand of Rita van Warmelo."

Sy is 'n tennisentoesias wat die een boek na die ander verslind, asook 'n kranige brugspeler. Nou wat doen mens na soveel jare van getroue werk? Reis! Volgende jaar gaan sy na die Ooste nadat sy verlede jaar 2 keer Europa besoek het. Sy het ook reeds Noorweë, Amerika en die Skandinawiese eilande besoek.

Ai mevrou, dankie vir die pragtige voorbeeld wat u oordra aan duisende (nou reeds) oumas, moeders, eggenote, susters en dogters van die Afrikaanse Hoër Meisieskool gestel het.



Sy is gebore en getoë in Charlesstraat, Pretoria. Aangesien Afrikaanse skole so skaars soos hoendertande was, het mev. van Warmelo na die "English Medium Primary School" gegaan. Daarna was sy 'n volbloed Afrikanernooi en bring St 6 tot 10 deur in ons eie Affies!

Na matriek gaan werk sy by die Transvaalse onderwysdepartement, vanaf Julie 1944 tot 1946. Gou skop sy egter nes (met niemand anders as 'n Affie-seun nie) en 'n tweeling word gebore! Vanaf 1951 tot 1963 werk sy as koshuissekretaresse tuis en vanaf 1964 is sy skool én koshuissekretaresse!

Dit is swaar om te dink dat haar voetstappe ná 31 jaar nie meer by Affies gehoor sal word nie. Hierdie Super-Affie het nou afgetree nadat sy 3 dogters grootgemaak het, wat ook so gelukkig was om hier in Affies skool te gaan!

## Leierskursus — A.H.M.P.

Op Vrydag 21 Januarie 1983 om sewe-uur is die Afrikaanse Hoër Seunskool uitgenooi na A.H.M.P. waar die jaarlikse leierskursus plaasgevind het.

Ds. Oosthuizen het die verrigtinge geopen met Skriflesing en gebed. Daarna is ons almal in die regte stemming geplaas met vioolspel deur Christa Krüger. Mej. Holtzhausen het almal vriendelik verwelkom, veral prof. Hennie Maree, wat baie gevlei was toe hy moes hoor hoe goed, mooi en aantreklik hy is.

Daarna is prof. Maree aan die woord gestel en almal het aandagtig geluister. Die tema van sy betoog was: Die jong Afrikanerleier op pad na die jaar tweeduisend en wat sy verantwoordelikheid is t.o.v. Suid-Afrika. Prof. Maree het aanvanklik 'n baie donker prentjie geskilder en baie statistieke gebruik, maar op so 'n wyse dat dit jou werklik geboei het. 'n Mens het onwillekeurig gewonder of die Blanke dan nog wel 'n toekoms in Suid-Afrika het. Hy het ons probeer gerusstel deur te sê dat dit darem nie so ernstig is nie, maar dit was asof 'n mens hom nie werklik kon glo nie, veral nie na die donker milieu wat hy geskep het nie. Dít, dink ek, het daartoe bygedra dat almal besef het, dat ons die hoogste sport op alle gebiede sal moet bereik en dit was presies wat prof. Maree wou sê. Hy het ook gesê dat ons daadwerklik alles sal moet doen, dat ons dit as 'n uitdaging moes aanvaar en dat die toekoms hoë eise aan die Afrikaner sal stel. Hierna het ons almal agteroor gesit en luister na die sang en klavierspel van Meisieshoër se sangjuffrou.

Die verrigtinge is afgesluit deur die bedankings en 'n koppie tee.



## St 6-fliek

Die St sesse het vroeg die aand van 14 Januarie by die skool opgedaag. Bekommerde gesigte, groot mandjies en sambrele het die wêreld vol gestaan. Nadat elke meisie 'n metgesel gekry het, het hulle hul sitplekke in die saal, op die vloer, op hulle komberse geneem. Die heerlike reën was 'n welkome verligting na 'n snikhete dag. Die film "Escape to Victory" was 'n reuse sukses. Elke St. 6-Affie weet nou seker baie meer van die sosiale sy van die lewe. Vir menige matrieks was dit 'n heerlike aand van gesag, lag en 'n weemoedige blik is ook somtyds opgemerk. Dit was 'n onvergeetlike aand.



### Shakespeare in Affies

**Koshuis oor Malherbe** — "A dog of that house shall move me to stand"
**Onderwyseres aan klas** — "Draw thy tool"
**Affie** — "School? I hate the word"
**Meisies aan Fatso, Super en Frans** — "If ever you disturb our streets again your lives shall pay the forfeit of the peace"
**Ma oor kind as hy huis toe gaan** — "Away from light steals home my heavy son"
**Juf. Holtzhausen oor Affies se lang gesigte** — "Dost thou not laugh?"
**Affie oor erekleure** — "It is an honour that I dream not of"
**Affie oor 'Romeo and Juliet'** — "This precious book of love"
**Verliefde Affie** — "Is love a tender thing? It is too rough, too rude, too boisterous; and it pricks like thorn"
**Affies oor sangbeker** — "True, I talk of dreams"
**Meisies oor seuns** — "For I ne'er saw true beauty till this night."
**Meisies oor Fatso** — "To be a virtuous and well-governed youth"
**Fatso oor Anel** — "It is my lady: O, it is my love!"

**Laaste gedagte aan Affies** — "Love goes toward love, as schoolboys from their books, but love from love, toward school with heavy looks."

# Is sport nog sport?

**Bogenoemde was die onderwerp van die eerste Afrikaanse debat wat by A.H.S. gehou is hierdie jaar. Dit was ook die eerste geleentheid vir die nuwe debatsbestuur om hul slag te wys.**


Jan Maritz (voorsitter) het die sprekers voorgestel en die onderwerp ingelei. Die sprekers is in twee spanne van drie elk verdeel. Span A, bestaande it Riaan Louw, Stefan de Beer en Jan Nel het die stelling ondersteun, terwyl span B, bestaande uit Abraham Manser, Mattheüs Myburgh en Bernard du Plessis daarteen gekant was.

Eers is die gehoor getrakteer op baie oortuigende toorkunsies. Hierna was twee sprekers van elke span aan die woord. Na die vierde spreker was daar 'n pouse waartydens koeldrank verkoop is. Die onderwysers, sprekers en bestuurslede is uitgenooi vir verversings in die personeelkamer.

Na die pouse het die laaste twee sprekers geleentheid gekry om 'n kort opsomming en oorsig van hul onderskeie spanne se standpunte te gee. Die vloer is nou vir 'n paar minute oopgestel vir bespreking voordat daar tot stemming oorgegaan is. Die meerderheid het gevoel dat sport nog sport is.

Dankie ook aan die Afrikaans Debatsbestuur vir die organisasie en die bekwame manier waarop die aand aangebied is. Bou daarop voort!





### Die liefde!

Die saak waarby ek my aandag wil bepaal, is die eeue-oue, altyd nuwe onderwerp. Die Liefde.

Toe ek nog 'n baba was, het my suster my aan my wang gebyt totdat ek geskree het dat jy my wie weet waar kon hoor. Toe my ma om die rede vra, het sy gesê: "Ma, dit was maar net liefde." Dus het ek klein-klein gely onder die liefde.

Later het my ma my menige pak slae gegee — uit pure liefde — en my pa het my dikwels goed gekasty — uit louter liefde. Noudat ek op skool is, moet ek ook maar dikwels onder die lat deurloop — waarskynlik ook uit liefde. Die liefde is dus maar 'n pynlike saak!

Die liefde verwarm die Noordpool en verkoel die Ewenaar. Soms het iemand dit nes masels onder lede en hy weet nooit dat hy dit het voordat dit in die uitslag na vore kom nie.

Die liefde is soos 'n hanslammetjie — soms maar moeilik om eers mak te maak en naderhand net so moeilik om van ontslae te raak.


Die liefde is soos 'n kameelperd — hy kan hoë dinge bereik, maar doen hy 'n verkoue op, dan is daar ten minste sewe voet van brand en keelseer.

Die liefde het meer hartkwale veroorsaak as die sinkingskoors en meer trane as wat daar druppels in 'n bui reën is en tog kan ons daarsonder nie klaarkom nie.

Die liefde het meer groottes en nommers as damesteweltjies, meer kleure as die reënboog, meer veranderlikheid as 'n verkleurmannetjie, meer ongeduld as kwiksilver, meer wysheid as die duiwe, meer lis as die slange — en ofskoon meer onskadelikheid as stysel, tog ook meer plofbaarheid as dinamiet!

Daar is baie soorte liefde, geagte lesers. Daar is die ou liefde wat nie roes nie . . . en die nuwe liefde wat miskien kan roes. Daar is die eerste, tweede, derde en vierde liefde — liefde vir jou suster en liefde vir 'n ander se suster; liefde vir jou ma en liefde vir . . . fudge en sjokolade. Ai, toggie!!!

Uit A.G. Visser se Joernaalaand



## Klub 16!

**Menige jongdametjies kon hulle skoene agterna gooi omdat hulle lid van klub 16 is.**

Na voltooiing van die kursus sal hulle lyk en optree soos meisies wat uit 'n afrondingsskool in Engeland kom. Sjarme, kleredrag, grimering, en talle ander aspekte word bespreek. Dit ís werklik insiggewend.

Vir die ouens is dit voorwaar voordelig om 'n Klub 16-meisie te hê, aangesien sy 'n kredietkaartjie het waarmee sy afslag kan kry by restaurante. Dink net: nou kan jy haar twee keer uitneem vir die prys van een maal!

Na nog 'n paar lesings sal julle sien hoe afgerond ons Klub 16-affies gaan wees. Elke ander meisie sal haar beny! Is dit nie fantasties nie?!



## Wêreldbiddag vir Vroue!

**Hierdie jaarlikse geleentheid wat deur vroue regoor die wêreld aangegryp word om te verenig in gebed, is op 3 Maart 1983 om 19h00 in die Oos-Kerk gehou.**

Die hoof van A.H.M.P. Mej. H.A. Holtzhausen was die Spreekster en het haar uitstekend voorbereide boodskap met grasie en oortuiging gelewer. Sy het die volgende vier take van die universele vrou belig: 1. Versorging, 2. Verpleging, 3. Vertrosing en 4. Voorbidding.

Met die wonderlike visioen van miljoene vroue wat in twee etmale biddend om die wêreld verkeer, het sy iedereen aangegryp en diep beïndruk.

Die gewyde stemming is ook verinnig deur die pragtige sang van die koor van die Afrikaanse Hoër Meisieskool.

Ek was daardie aand met trane in my oë, trots op ons Juffrou en trots om 'n Affie te wees.

# Affies sing oorsee

Twee van ons mede Affies, Carlo Raffanti en Wessel du Plessis het besonder goed presteer in sang. Die eer het hulle te beurt geval om as lede van die bekende Noord-Transvaalse Jeugkoor gekies te word.

Albei het op Affies begin sing en is lede van die Affie-koor. Carlo en Wessel is ware steunpilare in dié koor en albei se sangtalente het hier ontwikkel.

Die Jeugkoor staan op die vooraand van 'n toer deur die Benelux lande. Die toer vind plaas tydens die April-vakansie en albei sien baie uit na die toer.

Ons wil graag vir Carlo en Wessel geluk wens met hul prestasie en wens hul voorspoed toe vir die toer. Ons hoop die toer is 'n groot sukses.

## Pragtige Ballerinas!

**'n Toerbus hou langs die saal stil. 'n Paar mans en 'n klomp vietse lyfies klim uit. Truk se balletgroep het Affies kom besoek!**


Die hele gehoor sit in afwagting. 'n Verteller tree te voorskyn. Hy vertel ons wat ons te wagte kan wees en gee meer agtergrond oor ballet en die ontstaan daarvan.

Die gordyne gaan oop en ons sien 'n paar dansers wat ritmiese oefeninge by 'n metaalraamwerk doen. Hierdie oefeninge word elke dag gedoen om die danser se spiere soepel en sterk te hou. So 'n oefensessie kan tot een en 'n halfuur duur.


Hierna is ons getrakteer op pragtige ballet en op 'n verskeidenheid naverwante danse. Dit is verbasend hoe vinnig die dansers van kostuums kan verwissel.

Die onderhoofseun, Martin Booysen is gevra om een van die ballerinas te help met 'n sekere beweging. Hy is eers **mooi** gewys waar en hoe hy haar moes vashou. Hulle poging het gedemonstreer hoe belangrik tydsberekening is.

Ons innige dank aan Truk se balletgroep vir hul pragtige vertoning en ons beste wense vergesel hulle.



*Martin se balletskool?*



## Die Vasvat van 'n feeks . . . 'n Fantasie

*"Sly: Is ek 'n heer? En het ek so 'n vrou? Of droom ek nou? Of het ek tot nou gedroom? Ek slaap mos nie; ek sien, ek hoor, ek praat; Ek ruik soet geure, voel net sagte sy. So by my kool! Ek weet ek is 'n heer, g'n ketellapper nie, die Christopher Sly. Goed, bring die vrou dat ek haar kan bekyk! En nog 'n beker ligte bier, ou dier!*
*(Die vasvat van 'n Feeks. Inleiding: Toneel 2)"*

William Shakespeare het, toe hy dié briljante toneelstuk geskryf het, nooit kon droom hoeveel genot dit aan die toeskouers sou bied nie. Die manjifieke wyse waarop van ons land se beste akteurs en aktrises soos Marius Weyers, Sandra Prinsloo, die komiese Tobie Cronjé en Jana Celliers die onderskeie hoofkarakters uitgebeeld het, het die Affies geboei en in totale vervoering gehad tot die gordyn gesak het.

Die humoristiese sêgoed van veral Tobie Cronjé het die gelukkiges wat kon gaan, telkens guitig laat proes van die lag. Nerina Ferreira, die veelsydige Kaapse verhoogaktrise wat in 1972 die gesogte Drie Blare toekenning ontvang het, het die vertaling van die stuk op meesterlike wyse behartig. Dit was 'n belewenis en 'n aand wat niemand ligtelik sal vergeet nie.

## Affies beredeneer hulle pad oop

**Alles is moeilik voordat dit makliker word . . . Haastige hond verbrand sy mond . . . Hoogste bome van die meeste wind . . . Vrede! Heil! Wie oorlog maak is gek . . .!**

Dit is maar net 'n paar van die onderwerpe wat die Affies beredeneer het op die pas afgelope redenaarsfees.

Andries Erasmus, Bernard du Plessis, André de Wet, Hendrik de Korte, Stefan de Beer, Gustav Trichardt, Pierre Robbertze, Marti-Chris Coeter en Rudi Stumpf het as bekwame voorsitters hul spanmaats telkens bekend gestel aan die gehoor. Saam het hulle dan 'n onderwerp beredeneer.

Die spanne het telkens bo gemiddeld presteer. Uit die kritiek blyk dit egter dat die Affies in die toekoms baie meer dramaties te werk sal moet gaan! Effektiewe handgebare, gesigspel en 'n wisseling in stemtoon kan baie vir 'n toespraak doen.

Danie du Toit het die skool by die afdeling vir die beste spreker verteenwoordig en die stoute skoene aangetrek deur te praat oor "Hoe om 'n toespraak te maak." Hy het nie minder as 'n B+ behaal nie en ons is trots op hom.

Wel, soos ons een onderwerp gesê het: Alles is moeilik voordat dit makliker word, — hierdie jaar was ons moeilike jaar — volgende jaar is dit makliker en dan wys ons hulle!



## Prefekte-film!

**Die prefekte-film, oftewel die St. 6-film was 'n reuse sukses- "Escape to victory" met Sylvester Stallone in die hoofrol is vertoon en almal was hoog in hulle skik.**

Reeds vroeg die aand het al die St 6-meisies angstig op die groot grasperk vir hulle metgeselle gewag. Die groot oomblik het aangebreek en sowat 150 "aantreklike jong here" het hulle verskyning gemaak — elk gewapen met 'n versnapering, kombers en vyftig sent.

By die saal aangekom, was daar só baie mense, dat die St 6-seuns die helfte van die saal se stoele op die grasperk moes uitdra. Slegs die St 9- en St 10-leerlinge kon op stoele sit!



## Die klein dinge in die lewe!

Dit is die klein dingetjies wat die lewe interessant en die moeite werd maak. Elke dag is vol sulke klein dingetjies wat 'n mens aanspoor tot groter hoogtes. Daar is so baie mooi dinge in die lewe, bv die tasbare dinge soos 'n mooi blom, 'n pragtige meisie, 'n asemrowende landskap en talle ander dinge waarop die oog kan rus en wat ons diep raak.

Daar is egter ook die abstrakte skoonheid wat permanent is. Skoonheid wat gesien kan word, raak ons, maar die ontasbare mooi dinge spoor 'n persoon aan tot groter dinge in die lewe. Daarom moet ons altyd uitkyk vir die mooi dinge om ons, want almal is nie so bevoorreg om oë te hê om hulle in ons pragtige land te verlustig nie.!

Klein dingetjies bring geluk, maar dié geluk is geen klein dingetjie nie.

## Nog 'n mylpaal

Die nuus het vinnig versprei! Affies (A.H.S.) kry 'n rekenaar. 'n Onbekende donateur is hiervoor verantwoordelik.

Daar word beplan om al die skool se boekhouding op die rekenaar te doen. Ons rapporte sal nou ook by die skool gedruk word. Daar gaan ook aan die seuns die geleentheid gebied word om self met die rekenaar te werk. In dié verband bied die Wiskunde-klub elke tweede Dinsdag rekenaarklasse aan. Almal is welkom wat by die klub wil aansluit.

Die rekenaar sal in die rekenaarstaal, "Pascal", geprogrammeerbaar wees. Meer nuus sal later beskikbaar gestel word oor die rekenaar. Daar word ook beoog om 'n rekenaaruitstalling in die derde termyn van stapel te stuur.

Ons sien uit na die koms van die rekenaar en namens al die Affies bedank ons die donateur.





*Aspirante vir die ,,Hoekie vir eensames"*

## Meisieshoër gaan bou!

Ons slaap, eet, drink en leef nou net bakstene, sement, dakke en teëls!

Een van die dae pronk ons met 'n Olimpiesestandaard swembad, natuurlik om by ons olimpiesestandaardswemspan te pas. Ja, Affies gaan swem, bou, oefen en werk om geld in te samel vir dié reuse poging!

Daarby wil ons 'n swierige kleinteater voeg. Kyk broers, i.p.v. om jou meisie Staatsteater toe te neem, neem jy haar sommer na ons eie teater (hoe's daai?)! 'n Fietstoer met honderde Affies wat geborg is, word beoog.

Ja, en moenie daardie nuwe mediasentrum vergeet nie. 'n Spiksplinternuwe mediasentrum met al die grootste literatuurwerke gaan hier by Affies verrys. Dink net hoe ons ons in die leesstof sal kan verdiep!

'n Spanpoging duisend is dié voorwaar. Almal gaan saamwerk om geld in te samel en ons gaan dit só geniet!

## Nagtelike eskapades!

Vrydagaand, 11 Februarie het al die koshuismatrieks die seuns van die omgewing gaan vermaak met hulle mooi sang.

Na die funksie het almal voor juf. Crous se woonstel bymekaar gekom en vertrek. Eers is die "Boys High"-ouens vergas. Net voor ons huis Pannevis sou aandurf, is ons deur die seuns van "Schoolhouse" getrakteer op heerlike, stomende koffie! Ons het sommer moed gehad om die laaste skof aan te durf. Na ons 'n hele ruk by Frank le Roux gesing het, het ons uitgeput in die bed gekom.

Wat 'n onvergeetlike ervaring!

## Kadetorkes

**Alhoewel 1983 nog bloedjonk is, het elke Affie al seker gehoor hoe oefen die kadetorkes. Mnr. Roesch het ook by geleentheid gesê dat die manne met oortuiging oefen.**

Alhoewel ons orkes baie bekend is vir al sy uitstekende prestasies in die verlede, poog ons om van hierdie jaar 'n nog groter sukses te maak.

Hierdie jaar moet die orkes van vooraf begin, omdat ons baie lede verloor het. Ons begin egter met 'n sterk fondament, sterker as tevore, met nuwe leerlinge wat hul bra onnosel hou, maar wat ook eendag gaan deel uitmaak van Affies se orkes.


Ons bedank mnr. Booysen vir al sy toegewydheid en motivering. Sterkte vir die res van die jaar!





# Hoekie vir eensames

1. Klasie is 'n aantreklike boerseun wat hou van boks, stoei en ballet. Hy hou van enige meisie wat kan sing of klavier speel. Alle aanspraakmakers moet tussen 10 en 11 jaar oud wees.!



3. Rimpels is 'n slonsige "greaser" wat hou van ysskaats en fondue. Ouens en vrouens tussen 20 en 30 mag skryf. Alle briewe sal beantwoord word.!




2. Meraai is 'n fraai kraai wat soek na 'n valk. Sy hou van manne met moed wat rugby kan speel. Ouens tussen 1 en 50 mag skryf. (Sy speel self ook rugy.)!






5. Tanne is 'n fraai rosie met wit tande. Sy hou van sangleiers en mooi klere. Alle moedige manne word sterk aanbeveel om te skryf; sy hou van briewe skryf!



4. Blondie is 'n blonde poppie wat mooi kan sing. Sy stel belang in alle mans en hou van bome (veral dennebome!)!



*Romeo soek nog een . . .*

# Die Affie-sindroom

**Die koeël was deur die kerk, danksy Affies se bekende twee TV-sterre. Die "Heks" het die idee gehad . . . die "Kat" die gedagte.**

Al die matrieks sou vir punte, een of ander gedig verbeeld. Waar in jou lewe het jy al ooit gehoor dat 'n mens skyfies neem uit 'n boek? Ons het die probleem eers deeglik herkou, en weer geherkou! Soos met alle take (dit is darem al 'n tradisie by Affies) het almal die laaste week voor D-dag begin werk. (Wie wil nou 'n trotse tradisie verbreek?)

Dit was 'n belewenis van 'n ander aard. Al die groepleiers en die paar helpers (almal het nou nie eintlik ewe hard gehelp nie) het die mediasentrum (in gewone taal: biblioteek) bestorm. Die boeke is van 'n kant af bygedam en bladsy vir bladsy deurgeblaai, op soek na die regte prent. "Ek soek 'n prent oor 'n seilskip!" Ongelukkig, (so is die ou lewe nou maar) het almal nie ewe maklike gedigte gekry nie. Party groepe moes rêrig heelwat inisiatief aan die dag lê.

'n Paar weke lank het die hopies boeke mev. Van der Merwe se kantoor verfraai. Die laatkommers moes maar tevrede wees met 'n tweede plek, maar die agterosse het darem ook in die kraal gekom.

Die fotonemery het begin en 'n afspraaklys is opgestel. Nadat die foto's geneem was, het almal weer teruggesit en gereed gemaak vir die tweede skof.

Die gedig moes voorgelees word op 'n band, met 'n kort lewensskets van die digter daarby. Om sake te vererger moes ons ook nog bypassende agtergrondmusiek kry. Twee bekende musiekbande is beskikbaar in die mediasentrum, en ek is seker dat die musiek nog baie gehoor gaan word in Affies. Weer is 'n afspraaklys opgestel sodat almal 'n kans kon kry om hul bande te meng. Oor die resultate bly ek maar liewers stil.

Om die laaste bietjie inisiatief uit die matrieks te trek, is van ons verwag om nog tien vrae op te stel oor die gedig. Ons was dankbaar dat ons al vanaf st 6 af geleer het oor die bou van 'n gedig. "Wat is die rymverbinding?" was beslis 'n baie populêre vraag.

Gelukkig is D-dag uitgestel. Almal was verheug.

Namens al die matrieks wil ek mev. Van der Merwe bedank vir haar opoffering, oorspronklikheid en inisiatief. Ons weet nie wat sou ons sonder u gemaak het nie. Aan ons twee Afrikaanse "kollegas" — dankie, dit was pret!

## Blou Dames en die T-bones!

Sê nou net Affies was ook Greasers? Regte Greasers soos in Grease I en die jare vyftig. Hier en daar sal iets moet verander, want ons is Suid-Afrikaners.

Om Pienk-dames te wees is onmoontlik, so ons sal 'n ander naam hê, iets soos . . . "die Blou Dames". Ons sal geen knopies hê om vas te maak nie (sommer ronde halse dra) en ons rokke sal kort wees (soos sekere matrieks s'n). Ons sal bont sokkies en tekkies dra en geen blitsies nie, net strikke in die hare. Ons sal nie met Mecedes Benz-motors ry nie, sommer met gewone ou Eende. Kougom sal in klasse toegelaat word.

Die seuns kan iets soos "T-bones" wees. Hulle kon hulle Volksies by die huis los en met motorfietse skool toe kom (let wel: nie 50cc nie). Dasse sal uit wees en stywe langbroeke en leerbaadjies sal in wees. Netjiese platgekamde hare sal onvergeeflik wees, en haarolie 'n noodsaaklikheid. Alle Affie-ouens moet kan dans soos John Travolta in die gimnasium en hulle moet net so romanties wees.

Dink net hoe lekker skoolgaan sou wees as ons Greasers was. O ja, amper het ek 'n belangrike feit vergeet: Die seuns sal natuurlik 'n dame as hoof moet aanvaar!!

# Interkoshuisetes!

**Ga! Aggenee! Tog nie weer nie!**
**Dit was die algemene reaksie tydens interkoshuisetes in die verlede!**

Gelukkig is dit nie meer so nie, want die meisies het hierdie jaar met puik inisiatief na vore gekom en interetes het heeltemal 'n ander gestalte aangeneem.

Daar is eerstens koeldrank buite op die grasperk bedien en die meisies en seuns het geleentheid gehad om gesellig te verkeer.

In die eetsaal het agtergrondmusiek gespeel en 'n romantiese atmosfeer is geskep.




Dit was elke meisie se plig om toe te sien dat die seuns aan haar tafel wél genoeg eet!

Die uiteinde van die saak was dat almal deesdae na inter-etes uitsien!!

## Ooreenkoms tussen meisies (Affies) en koerante (Stroom-op)

1. Albei is vir die suksesvolle Affie ouens 'n onmisbare ergernis.
2. Albei se formaat en voorkoms bepaal hul sirkulasie.
3. Albei het te veel te sê, hoewel jy nie alles kan glo nie.
4. Ou uitgawes is nie in aanvraag nie.
5. Hulle het albei altyd die laaste woord.
6. Albei verskyn skraler op straat en word maklker geset as in die ou dae.
7. Elke man behoort sy eie te hê en nie sy buurman s'n te leen nie!!!

# Affie word . . .



**Toe ek om 15 minute oor sewe die oggend by die Afrikaanse Hoër Meisieskool se hekke instap, was alles vir my groot en vreemd. Die geboue was só groot en ek het gedink ek sal nooit weet waar al die verskillende klasse is nie. Ek het besef dat ek nou in 'n hoërskool instap.**

Na die eerste dag het die ontgroening begin. Ek was eers bang dat "hulle" allerhande goed met my gaan doen, maar uiteindelik was dit glad nie so erg nie; dit was in der waarheid baie lekker.

Om die verwelkoming af te sluit, moes daar 'n groentjiekonsert gehou word. Ek dink die matrieks en die onderwyseresse het dit werklik geniet. Ons het toe die toets geslaag en ons kan in Affies aanbly.

Toe die skool na die hele dag se verrigtinge sluit, was ons ware Affies. Dit was vir my, en ek glo al die standerd sesse, 'n groot eer om te dink ons kan nou die Afrikaanse Hoër Meisieskool te uniform dra.!

## Gedagtes vir die week

**Maandag:** Die Lente van my jeug wil ek nie met leë plesier verlore laat gaan nie. Ek wil in hierdie jare die kosbare saadjies plant wat later vir my bloeisels en vrugte sal dra.!

**Dinsdag:** Elke voël verveer na die winter. So moet die mense ook af en toe van hulle foute en verkeerde gewoontes ontslae raak.!

**Woensdag:** Dis nie genoeg om net dinge te weet nie, 'n mens moet die kennis ook gebruik. Dis nie genoeg om iets te wil doen nie, ons moet seker maak dat ons dit waarlik doen.!

**Donderdag:** Van die môre tot die aand is daar lig op die aarde. Daar word van ons verwag om daardie lig in ons lewens te laat skyn, sodat ons die betekenis van elke daad goed kan raaksien.!

**Vrydag:** Alles wat ons doen, is die praktiese toepassing van ons gedagtes. As ons sukses in ons werk wil behaal, moet ons gedagtes helder wees, as ons edel dade wil verrig, moet ons gedagtes edel wees.

georgie girl
casual boutique
hatfield galleries


WENSPAN
KOSHUIS

# Koshuislewe . . .



**My eerste dag op kosskool**

Met die aankoms by die koshuis wat my hart al klaar met vrees en angs belaai. Ek was paniekbevange en het glad nie selfvertroue gehad nie. Die stryd het pas begin.

Met 'n bewende liggaam het ek die koshuisgronde betree. Die ingang was gesaai met oud-leerlinge sowel as nuwes. Skaars binne die hekke het 'n luide geskel en spottery op my toegesak. Bangerig en vol vrees het ek na die kantoor beweeg.

In die ingangsportaal was daar net vreemde en nuwe gesigte. Ek was reeds 'n senuweewrak en wou net intrane uitbars, maar ek het myself bedwing. Later het ek wel 'n paar bekendes gesien.

Nadat al die kantoorwerk afgehandel is, is ek na my kamer geneem. Die luilekker huislewe was verby, nou was ek 'n onervare leerling in die koshuis. My hart was vol droefheid en spyt, maar ek het myself bedwing.

Nadat ek uitgepak het, het 'n klok gelui. Wat nou? Etenstyd! Ek het vreemd en bang na die eetsaal beweeg en gaan sit, min wetend wat op my wag. Die matrieks het my weer bedruk laat voel en ek was vreesbevange.

Die eerste skooldag het gevlieg. In die komende dae het ek geleidelik begin aanpas en bedaar. Koshuislewe is nou reeds vir my 'n uitdaging!

Koshuis bo!

## Liewe ma daar doer in Swartwater!

Hoe gaan dit met ma, met my gaan dit goet.

Ek wil vir ma virtel van Saarelkie, Saarel is my beste maat. Ons slaap in dieselfde kamer en ons doen als saam, ek help hom met bet opmaak, kas regpak en hyswerk doen, en hy help my weer om my biltong en koekies op te eet . . .

Hier by hierdie skool is daar perfekte. Perfekte dra blou en groen kaarkies, maar hulle mag nie dêps wat hull wil dra nie, die meisiekinners dra bloues en die seens groenes. Ma sien, hulle dra dit omlat, as mens nou die dag stout is, mens hulle fan vér af kan sien aankom en mens datlik kan ophou. Ma sien, dis nou hoekom ek nou die dag by die hoov was, omlat Bennie my brille met 'n peeshooter stikkend geskiet het en ek nie gou genoeg my stompie kon dootdruk toe ek uiteindelik vir Zoeperman sien aanstorm het nie. Hy pluk my toe met stampe en stoote kantoor toe, hy stamp en ek stoot! In die kantoor moes ek vir ma explain! — hoe meer ek explain dat my pa die sterkste ou in die hele wêreld is en dat hy fir niemant bang is nie (behalwe natuurlik fir ma), en dat hy Swartwaater se bokskampiejoen is en dat hy sekirlik fir mineer sal box, en die dag as dit die dag gibeur sal mineer 2de kom, dis nou maar wors. Maar arme mineer hoor nie, (en as hy niehoor nie sal hy moet voel) want hy sê ek moet nou datlik ophou tjank en'n lat kies. Verbeel ma, mineer dink dalk ek's dom oorlat ek in st. 6 is, maar o nee, ek is nie, want ek het hom lekker gebol, toe hy nog dag ek dêps die dik lat, toe dêps ek die dinne . . .

Goet ma, ek sal nou moet gaan, stier groete vir pa en sus, sê vir haar ek's bly sy't die eerste span gehaal, en sê vir haar ek sê sy moenie yt voel oor sy 'n meisiekint is nie, vertel haar biekie van womens lib. As ma skryf vertel van Trixi se spene.!

U lefhebbende seun
Antonia-Gabriel



*Dis bo mý vuurmaakplek!*

# Philemon's English Essay

Dear sir

My foreman baas Martin, hy het yours truly, Philemon instruction gegee om 'n honderd bakstene, "ponto haute" van die first floor na die second floor te transport.

Nou ekke het gevat die groot bucket en met 'n tou wat deur 'n pulley op die second floor window loop. Ek het getrek die bucket af tot lapa side the first floor window en toe het ek vasgemaak die tou aan die pen in die grond.

Nou ek het gelaai die honderd bakstene deur die venster in die bucket en toe het ek afgeloop na die grond en losgemaak die tou. Nou die bucket het geweeg banja meer as ek Philemon. But not wishing to damage baas Martins goods, ek het vasgehou die tou.

Nou die bucket het afgekom at ene helave speed en Philemon hy gaan op at the same speed and half the way the two meet.

Nou die bucket hy slat my one time for better or worse — maar wat hou is Philemon en soos die bucket verder val, so ekke gaan verder op tot my arms entangle word in die pulley.

At the same time the bucket slat die grond met such a great celocity dat die bottom van die bucket skoon uit breek — scatter stukkend all over the place.


Nou ekke Philemon weeg swaarder as die bucket en ekke gaan af, die bucket hy kom op. One more time the bucket slat outa en verder ek val tot op die stukkende bakstene. Au too much pain!

Nou dit was more or less approximately op daardie tyd ek moes leave of my senses gevat het want soos ek sit tussen die bakstene ek los die tou.

Nou die bucket het geweeg swaarder as die tou en soos die bucket hy kom af, hy cash op Philemon en breek wat at that time nog nie gebreek was nie.

Now I respectfully request sick leave.

Philemon



*So moet hy gedra word.*

# Affies en Ekonomie

**Op Vrydag 4 Maart het al die Affies wat Ekonomie neem, vroeg reeds vertrek na Johannesburg.**

Ons het eers 'n besoek gebring aan die Coca-Cola fabriek. 'n Mens het nooit besef dat die vervaardiging van die bekende koeldrank so 'n groot organisasie vereis nie. Ons monde het letterlik oopgehang vir die rye en rye gestapelde kratte met koeldrank.

Ons het deur die fabriek beweeg en met verwondering na alles gestaar. Alhoewel die fabriek omtrent heeltemal gemeganiseer is, het dié spesifieke fabriek, een van vele in Suid-Afrika, 10 000 werkers in diens. Ons het verder Coke se rol in SA se ekonomie bespreek en was stomgeslaan om te hoor dat die koeldrank wat so gewild is, letterlik miljoene mense van 'n beroep voorsien.

Ons het verder na verskeie vorms van bottels gekyk en het selfs 'n paar nuwes opgemerk. Daarna is ons almal getrakteer met 'n botteltjie koeldrank.

Die bus het vertrek en ons volgende stop was die Johannesburgse effektebeurs. Ons is na 'n lesingsaal bo die marksaal waar ons meer vertel is van hoe 'n transaksie plaasvind op die aandelebeurs. dit was werklik interressant om te sien en te hoor hoe die klomp makelaars skree om hul aandele van die hand te sit.

Hierna het ons na twee skyfiereekse gekyk wat gehandel het oor die ontstaan van die effektebeurs en die rol daarvan in ons ekonomie.

Die res van die middag het ons in die Carlton-sentrum deurgebring waarna ons huiswaarts gekeer het.

Ons opregte dank aan mnr. Malan en mev. Van der Berg wat die toer moontlik gemaak het vir ons.

# Fotografie bied iets meer


**Stel aan u self die vraag: Wat is fotografie? Is dit 'n speletjie, 'n kamera, ontspanning, 'n stokperdjie, 'n kuns, of dalk 'n herrinnering?**

Ons sal vir u die antwoord gee. Dit is alles wat hierbo genoem is, maar by Affies is dit iets meer, dit is 'n belewenis, 'n ervaring wat jou sal bybly vir die res van jou lewe.

Ons het 'n groot klub hierdie jaar en ons beplan 'n hele rits aktiwiteite wat sal begin met 'n kompetisie aan die begin van volgende termyn.

Hoewel die getal lede in ons klub aansienlik toegeneem het in vergelyking met verlede jaar, wil ons ook nou 'n beroep doen op die standerd sesse wat belangstel in hierdie aangename tydverdryf, om kontak te maak met die bestuur wat bestaan uit P. Potgieter, F. du Toit en A. de Wet.

By ons geld die reël: "You Press The Button, And You Do The Rest, Best!!'




### Die Nuwe Beweging

**Landsdiensklub? Ja, ek weet dit klink nou weer na een van dáárdie bewegings met 'n klomp mal ouens en meisies wat nou weer laf raak met 'n klomp parades en sulke tipe mallighede.**

Ek wil jou verseker dat as bogenoemde jou idee van ons beweging is, jy 'n fout maak waaroor jy nog baie spyt sal wees wanneer jy eendag agterkom wat in werklikheid hier by ons gebeur.

Dit is wel waar dat ons projekte aanpak, maar ons aktiwiteite is van so 'n aard dat dit altyd interessant en aangenaam is vir alle betrokkenes.

Die klub se bestuur van agt persone word gekies uit die bestaande lede. Onder beskerming van mnr. Swart skakel ons dan ook met ander klubs regoor Suid-Afrika.

Die basiese idee van die klub is natuurbewaring. Voordat jy nou weer snaakse idees kry, wil ek jou verseker dat jy dit baie interessant sal vind. In hierdie verband het ons dan ook alreeds 'n besoek aan die Austin Robberts Voëlpark en die Skoolplaas gebring.

Hier volg dan ook 'n kykie in wat die toekoms vir die klub inhou:

*1—8 April — 'n Duikkamp by Sordwana

*11—18 April — Nasionale kamp, St 6 + 7 te Potchefstroom, St 8—10 te Pietersburg

*4—8 Mei — Staptoer te Pelgrimsrus saam met Nelspruit se meisies

*8—12 Julie — Besoek aan skoolplaas

*12—18 Julie — Nasionale kamp te Oos-Londen.

Ons is besig om 'n eie T-hempie te druk, waarmee ons gaan spog op ons kampe en uitstappies. Die projekte wat ons aanpak is voorwaar 'n belewenis. Onthou, ons doen wat vir ons belangrik is.

---

Die Skot se vrou wou iets hê vir Kersfees met diamante in. Toe koop hy vir haar 'n pak kaarte.

Daar het nou die dag 'n man in die Kremlin ingebreek en hy het die volgende verkiesing se uitslae gesteel.

Wat doen Van der Merwe voordat hy gaan slaap? Hy trek 'n vuurhoutjie om te kyk of hy die kers doodgeblaas het.

---

*PIGLY-WIGLY*


**"FAST FOODS"**

***Wegneem-etes***
***Kry by Pigly-Wigly***
***die lekkerste,***
***langste en grootste***
***"footlongs" in***
***Pretoria***
***By Pigly-Wigly***
***Kry jy waarde***
***vir jou geld . . .***
***vra maar enige***
***koshuisleerling!***

# WEN R20

## Reëls

1. Geen redaksielede of hulle familielede mag deelneem nie.
2. Geen afdrukke van die blokkiesraaisel sal aanvaar word nie, maar u mag oorspronklike natreksels daarvan maak.
3. Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen korrespondensie sal voor of na die uitslag met enige deelnemer gevoer word nie.
4. Die inskrywingsgeld is 50c per blokkiesraaisel.
5. Sny die ingevulde blokkiesraaisel uit en gee dit persoonlik aan Corni Myburgh (Redakteur) in 'n toegeplakte koevert tesame met u inskrywingsgeld.
6. Alternatiewelik kan dit gestuur word aan:
   Stroom-op Blokkiesraaisel
   Afrikaanse Hoër Seunskool
   Lynnwoodweg 1
   Pretoria
   0002
7. Indien meer as een korrekte inskrywing ontvang word, sal die inskrywings in die spreekwoordelike hoed gegooi word en 'n wenner getrek word.
8. Die sluitingsdatum is 30 April 1983.



NAAM ..........................................................................................
ADRES ..........................................................................................
POSKODE ..........................................
TEL ..........................................................

## DWARS

1. Sentrifugaal
10. Daarom
11. . . . en die Omega
15. Nie geslote.
17. Gevangenis
18. Kweek
20. Soekend na 'n middelpunt
25. Suid-Afrikaanse Brouerye (Afkort)
26. Voordat
27. Naam van digteres Kirsch
28. Kunstenaar
30. Verhalend
31. Reguit lyn wat twee punte op 'n sirkelomtrek verbind
34. Wesentjie met toorkrag, towergodin
35. Maaltyd
36. Transistor (Afkort)
38. Oompie
39. Metaalhoudende delfstof
41. Na 39
43. Die self
44. Deel, gedeelte
45. Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing (Afkort)
47. Vrou in die Bybel
50. Op dié wyse
51. Doodmaak
52. Ensovoorts (Afkort)
53. Hoop
56. Reeds
57. Toornig
60. Hom uit die mou laat
61. Ellende, gebrek
64 Naam van bekende kettingwinkel (omgedraai)
65 Uitroep om teenstander uit te koggel
66 Volgens amptelike gebruik
68. Do, Re, Mi, Fa, So, —
69. Het betrekking op tone
71. 12 Waterfonteine, 70 palmbome
72. Hemelligaam
73. Onontbeerlik, noodsaaklik
77. Staatsdienskommissie (afkort)
79. Druppels water wat uit die lug val
82. Seg
84. Waar jy in die gebou ingaan
86. Bekende neweskikkende voegwoord
87. Aan die rugkant
89. Bybelse profeet
91. en andere (afkort)
93. Meisienaam
95. Openbare betrekking
96. Konserwatiewe Party (afkort)
98. 'n Kamer afgesonder vir mense wat wil rook
102. Dit laat jou — opsê
103. Ossewa Brandwag (Afkort)
105. Wyfie van 'n soort pluimvee
106. Vader
107. Voorsetsel: steur jou — niks nie
108. 'n Tog waarop gesteel word met geweld
110. Stap
112. Insameling van ryp gewasse
113. Plant wat die meeste in 'n tuin voorkom
116. Skelet, stellasie
119. Bekende orgaan van koei
122. Sien 65 DWARS
123. Adviesraad (afkort)
124. Fop
126. Nukkerig, stuurs persoon (laat die tweede letter weg)
128. Groot ramp
131. Drank waar blare in water gekook word
132. Die ek
133. Sien 91 DWARS
134. Gesigsorgaantjies

## AF

1. Norm, rigsnoer
2. en dergelike (afkort)
3. Deel van riem of tou wat oogvormig geknoop is om iets daardeur te steek. Gee die meervoudige verkleining
4. Naskrif — Latyns (afkort)
5. Hoogste punt
6. Manier om te beslis: die — werp
7. Selfsugtige persoon
8. Akkerboom
9. tiene, honderde, —
12. Nie volle
13. Glasruit
14. Tussen sopraan en tenoor
16. Beendokter
19. Oorgelewerde, romantiese verhaal, legende.
21. Meervoud van 79 DWARS
22. Provinsiale Raad (afkort)
23. Bekende bokser van vroeër. Gee net van
24. Hinderlik, besorg hoofbrekens
29. Ry van dinge wat in orde langs mekaar staan
30. Iemand of iets wat eet
32. 180 grade van Wes
33. Reis, tog
35. Moeder van Kain en Abel
37. Sien 45 DWARS
40. Aanwesig
42. Groepe vee (bv beeste)
43. Dieselfde
46. Alleensang
48. Tennisskoene
49. Ons land se naam (afkort)
50. Op rug van rydier, sit daarop
51. Grappe maak: Uie —
55. Slaanding
58. Verkleinwoord van 60 DWARS
59. Teenswoordig
62. Vethoudende vloeistof
63. Plek waar water opgegaar word
67. Grynsend lag
70. Samestelling (afkort)
74. Baie sleg, onaangenaam
75. Uitroep vir: nie waar nie? of: Is dit dan nie so nie?
76. Uitgestrekte soutwatermassa
78. Breuk wat nie morsaf is nie bv kry 'n takkie
80. Vark
81. Setel van 'n vors
83. Waterhouer
85. Harlekyn
87. Siekte gekenmerk deur: kort asemigheid, benoude bors
88. Nie ontvang
90. Die daad self, uit die aard van die saak — Latyns
92. Oë verblind, ratse toertjies doen
94. Stukkies materiaal (van 'n kledingstuk)
95. Basisvorm van "alles"
97. "Kastrol" is 'n beter naam
99. Hidroksied (chemiese voorstelling)
100. Seemyl
101. Eienaardig, sonderling
104. Gereedskapstuk om mee gate in materiale te maak
109. Geitjie
111. Skeure, openinge, barse
114. Sien 58 AF
115. Fyngemaakte doppie van graankorrel wat uitgesif is: geen enkelvoud
117. Reinig, skoonmaak
118. Ronde, eetbare korrel in peulvrug van rankplant. Gee meervoud, gee nie verkleining
119. Nie goed nie
120. Vir 'n appel en 'n —
121. Woonplek van 'n voël
125. Engels vir V.V.V.
127. Refereer na trekker (afkort)
129. Beskou as, reken
130. Songod



*Nee David, probeer eerder blokkiesraaisels!!?*

# My eerste skooldae

**Hoe word ek 'n Affie? Die vraag het my toe die hele vakansie gepla. Nou weet ek . . .**

Gewapen met my nuwe skoolklere en buskaartjie het ek die eerste dag in Affies aangedurf. By die skool aangekom, het ons nie geweet waarheen nie. Toe staan ons maar op die gras rond soos 'n klomp skape sonder 'n herder. Ons het nog so gestaan toe 'n matriek wou weet waarom ons die gras so besoedel en ons is beveel om dadelik die muur te gaan "stut".

Tot groot vermaak van die matrieks moes ons toe een vir een vir hulle sing of 'n grap vertel. Gelukkig het ek te vals gesing en moes ek gou weer die muur gaan "stut" het. Die klok het gelukkig 'n einde aan ons ellende gemaak.

Gou is ons in rye gedruk deur die prefekte. In die saal was dit maar soos in die Laerskool totdat ons probeer het om saam hande te klap, maar wat 'n fiasko.

Na saal is ons in klasse ingedeel en het daar gebly tot pouse. Tydens pouse het elke st 6 'n meester gekry. Na pouse is ons weer saal toe waar ons in rye gestaan het. Bewaar die een wat dit gewaag het om te beweeg. Daar het die prefekte ons mooi vertel hoe 'n Affie behoort op te tree. Ons moes groot naamborde maak vir die volgende dag en vir die volgende twee weke was ons onafskeidbaar van ons naamborde.

Om 13h35 het die klok ons verlos van die saal. In die bus moes ons egter die matrieks met boeke koud waai terwyl die sweet jou afgerol het. Dan het jy ook nog kort-kort gehoor: "Standerd ses, vertel 'n grap." Jy het jou snaakste grap vertel, maar telkens is dit as flou geklassifiseer. Ek was nog nooit so bly om by die huis te wees nie. So het dit dag vir dag gegaan.

Die Vrydagaand was daar 'n fliek by die Meisieskool. Met ons hare geolie soos Sha-na-na en ons werkklere, seilskoene en 'n wortel om ons nek, moes ons nog 'n vreemde meisie se hand ook nog vashou, maar gelukkig was sy nie vir lank vreemd nie.

Interhuis was een van die aangename herinneringe. Daar kon ons ontspan en in al die lekker deel. Ons het besef hoe lekker dit was om 'n Affie te wees.

Die groentjiekonsert het aangebreek en ons was opgemaak soos bikinimeisies. Daar was ook 'n disko en 'n modeparade. Na die konsert het ons die skoollied gesing en die kreet geskree. Ons was nou ware Affies.

Al moes ek die middag nog die bus met my buskaartjie meet, het ek geweet dat dit alles die moeite werd was.

Noudat alles verby is, is ek ook 'n Affie wat kan deel in die trotse tradisies van ons skool!

"Heil die Affies!"



## Water spat!

**Die jaarlikse swemgala het weer op Woensdag 26 Januarie plaasgevind.**

Reeds vroeg-vroeg is uitdunne gereël en het al die spanne hard begin oefen.

Die groot dag het aangebreek en vanaf 14h00 is almal weer by die swembad betrek. Swem van 'n hoë gehalte is gelewer en nuwe rekords is opgestel.

Die Hartbeeste het weer eens geseëvier met 167 punte. Tweede was die Elande met 99 punte. Daarna die Koedoes met 90 punte en laaste die Koshuis met 59 punte.

'n Swemspan is daarna gekies wat aan die Interhoër-swemgala sou deelneem. Ons opregte dank aan mnr. Books en mev. Van der Merwe vir al hul opofferinge.


Verder wil ons ook vir Derek Scheepers en Jan Bekker gelukwens wat gekies is vir die Noord-Transvaalse Skolespan. Hartlik geluk!

Derek eindig ook negende op die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in rugslag en Jan Bekker eindig negende in die Suid-Afrikaanse finaal in die 1500 m vryslag. Affies is trots op julle!

Ettienne Eygenberger eindig dan ook derde in die o/14 SA finaal vir lewensredding. Puik!


Die gala was egter nie verby na die amptelike items nie. Hoegenaamd nie! Nadat Christa gedemonstreer het hoe 'n mens in skoolklere swem — nou wel nie vrywillig nie, maar tog! — het 'n span van elke st 10-klas haar voorbeeld gevolg en 'n wilde aflos is geswem. 'n Seunspan het bygedra tot die pret. Vanweë die verwarring kon 'n wenspan nie summier aangewys word nie.

Op so 'n hoogtepunt het die Interhuisgala tot 'n einde gekom. As so 'n pretaflos tradisie word, sal dit seker nie meer nodig wees om met drastiese maatreëls goeie bywoning te verseker nie.



# Interhuis — 'n Groot sukses

**Woensdag, 19 Januarie was nie net maar nog 'n gewone skooldag nie. Affies het sy jaarlikse Interhuis gehou.**



Daar is weggebreek van die tradisionele byeenkoms op Saterdae en dit was voorwaar 'n baie goeie plan om die Interhuis in die week te hou. In skooltyd al het die gees van die spanne oorgeborrel en is daar gestry oor wie die wenners sou wees. Sou dit weer die Koshuis wees?

Om 14h00 het die byeenkoms in aanvang geneem. Die paviljoene was stampvol gepak, en al die toeskouers het hul spanne heelhartig ondersteun. Veral die Elande se gees was duidelik hoorbaar. Hulle het dan ook daarin geslaag om die geesbeker te verower. Baie geluk aan die Elande!

Soos gewoonlik het die spanning hoog geloop, maar die Koshuis was voortdurend voor. Veral 'n verbete stryd het geheers tussen die hartbeeste en Elande. Die eindtellings was dan ook so na as wat kan kom.

Die finale puntestand was: Koshuis — 415; Hartbeeste — 285; Elande — 284½; Koedoes — 232½.

Reën het egter sommige van die items in die wiele gery en díe betrokke items het later in die week plaasgevind. Almal het afwagtend gewag op die finale puntestand.

Gerrie Swart is aangewys as Senior Victor Ludorum en A. Myburgh as Junior Ludorum. Die beste veldatleet was P. Oosthuizen.

Nuwe rekords is opgestel deur:

Gerrie Swart — (110 m Hekkies — Seuns o/27) 15,7 sek

H. Bosman — (Hoogspring — Seuns o/13) 1,50 m

S. Cornelius — (Gewigstoot — Seuns o/13) 10,48 m

P. Potgieter — (Hoogspring — Seuns o/14) 1,67 m

A. Myburgh — (80 m Hekkies — Seuns o/14) 12,73 sek.

Baie geluk!

Ons sien uit na volgende jaar se Interhuis!

# 'n Sessinkie vertel . . .

Vroeg Saterdagoggend word ek deur die aakligste geluid ter wêreld wakker gemaak, naamlik 'n skreeuende wekker. Boos, met gebalde vuiste spring ek uit die bed en slaan byna die ding dat 'n mens net skroewe sien spat, want dit is Saterdagoggend en ek wonder wie dit waag om my so 'n poets te bak. Net toe ek terug in die warm vere klim, skiet die gedagte my te binne, "dit is vandag die st 6-mini byeenkoms". Ek spring weer uit en nou gee ek nie meer 'n flenter om vir die snoesigste bed onder die son nie, want vandag is die dag wat st 6-B gaan wys wat in hulle steek.

By die sportveld aangekom, het ek reguit na my klas marsjeer aangesien'n mens hulle gou op die paviljoen kon uitken met hul bloedrooi kersie as kenteken. Gou het ek agtergekom dat die ander klasse nie van plan was om die stryd so maklik gewonne te gee nie en gou is daar luidkeels bespiegel oor wie dié St 6-klas van 1983 gaan wees.

Vol geesdrif het ons die baan betree, min wetende wat op ons wag. Elkeen het sy beurt gedwee afgewag, seker dat sy baie beter as al haar maats sal doen. Die bravade het egter gou verflou wanneer jou beurt aangebreek het. Uit party se pad moes jy maar gebly het, want anders het nog 'n Affie in die stof gebyt.

Wanneer die naellope fluitjie geblaas het, het jy net 'n klomp warrelwindjies by jou sien verbytrek. Met 'n verbasende spoed het die nuwelinge nader aan die wenpaal beweeg, totdat 'n wenner oor die eindlyn trap, en met 'n glimlaggie van pure genot, maar tog met 'n hygende asem, na die tafel stap om haar naam op te gee.

Die hele dag was gelaai met pret. Tydens die verspringitems het mens net arms en bene en 'n modderbesmeerde Affie wat uit die put klim, gesien.

By die balgooi is daar net geel weerligstraaltjies deur die lug sien trek. Bo-oor, onderdeur, alle maniere is beproef. Al trek die bal net tien meter, dit sal darem iets wees! Tog was daar 'n paar goeie gooie, sodat sommige rondlopers soos 'n skilpad in hul dop moes kruip, om te koes vir 'n vinnig aankomende tennisbal.


Na 'n ruk het ons oorgestap na die hoogspringmat. Party se moed het hulle begewe en hulle het sommer kort voor die lat omgespring. Ander wat Chairman Gale se spronge wou uittoets, het besluit om na 'n mislukte poging liewer veilig op moederaarde te bly.

So het die een na die ander item verby gegaan, en aan die einde van die dag het elkeen met 'n skeet of 'n kwaal huis toe gegaan, maar doodtevrede met haarself, want vandag het ons elkeen deel gehad aan 'n ware sportdag.

Laaste, maar beslis nie die minste, was daar die 1 500 meter. Soos volwaardige Affies het die standerd sessies uitgehou totdat elkeen moeg en uitgeput op die gras langs die eindlyn neergesak het.

Moeg, maar tevrede, is die sessies later huis toe, maar toe begin die bespiegelings "sal my klas wen? Ek dink darem so — ons het darem 'n puik gees gehad!"

Maandagoggend het elke standerd ses Affie gespanne geluister toe die hoof die interkom aanskakel. Sy het die resultaat gegee: "6B is die wenklas!" 'n Koor van juigende stemme het uit die klas van mej. Koen opgeklink. Talle klasse se teleurstelling was groot, maar dit was nogtans 'n onvergeetlike standerd ses byeenkoms!



# Atletiek seëvier

**Nadat Affies verlede jaar nie te goed gevaar het op atletiekgebied nie, is besluit om van 1983 'n groot jaar te maak.**




En dit was inderwaarheid 'n baie goeie termyn vir atletiek. Affies wen al die atletiekbyeenkomste behalwe Interhoër en 27 van ons atlete kwalifiseer om aan die Noord-Transvaalse Junior Atletiekbyeenkoms deel te neem.

Hierdie goeie prestasies getuig van harde oefening. Hier dink ons veral aan mnr. Swanepoel se langafstand atlete wat uiters goed gevaar het.

Na die Interhuis-byeenkoms is Affies se top atletiekspan gou saamgestel om deel te neem aan 'n Tuisbyeenkoms teen Overkruin en John Voster. Affies wen met 522 punte. Overkruin volg met 329 punte en John Voster met 239 punte. 'n Pragtige nuwe rekord word ook deur 'n Affie opgestel in die Spiesgooi o/15 — 52,5 m. Baie geluk, Stephan du Plessis!

Op Saterdag, 5 Februarie was weer een van ons hoogtepunte van die termyn — Affies teen Tom Naudé. Affies slaag daarin om Tom Naudé baie oortuigend te klop met 507 punte teenoor 415. Vyf nuwe rekords is opgestel op die byeenkoms, almal deur Tom Naudé atlete.


Op die Seunsbyeenkoms op Potchefstroom seëvier Affies weer eens teen Helpmekaar, Potch Tegnies en Boys High. 'n Hele paar nuwe rekords is ook op die byeenkoms opgestel, onder andere deur:

S. du Plessis in Spiesgooi o/15 — 53,34 m;
H. Kelbrick in Gewigstoot o/16 — 12,8 m;
H. Potgieter in Hoogspring o/14 — 1,69 m;
J. van Heerden in 400 m o/16 — 53,1 sek; en
K. Theron in 800 m o/14 — 2:11-2 sek.

Ons laaste byeenkoms voor Interhoër was teen C.R. Swart en Lydenburg. Affies wen oortuigend met 610 punte. C.R. Swart volg met 487 punte en daarna Lydenburg met 346 punte.


Op Interhoër eindig Affies derde met 'n kortkop na Voortrekkerhoogte, soos reeds berig. Affies herstel dus en het weer sy posisie bo in die A-bond verseker met 'n oortuigende 176 punte.

Affies se atletiek het werklik hierdie jaar geseëvier. Aan mnr. Venter wil ons namens al die Affies baie dankie sê vir sy puik reëlings en organisasie. Baie dankie! Ons sien uit na 1984!



# Die beker is in sig

**Aan die einde van nog 'n termyn kan Affies weer terugkyk na 'n termyn wat veel opwinding gelewer het in krieket.**



Vroeg in die termyn was die geesdrif reeds hoog en die kêrels het reeds op hulle eie bymekaar gekom om te begin oefen. Met die aanbreek van die amptelike oefening, was almal vuur en vlam om hierdie jaar 'n besondere jaar te maak in krieket. Party was ook so angstig dat ons afrigter, mnr Van Huyssteen gedreig het om hulle uit die nette uit te jaag as hulle nie ophou om so woes te slaan nie!

Die eerste wedstryd het teen Waterkloof plaasgevind en is betreklik maklik gewen. Die gees in die span is net hierdeur verbeter en ons het daarop voortgebou.

Toe die wedstryd teen Overkruin plaasvind, was die spanning ondraaglik. Ons het eerste gekolf en 'n pragtige 154 lopies aangeteken. Overkruin het daarna gaan kolf, maar toe moes die wedstryd weens reën oorgespeel word.

Die tweede ontmoeting het weer eens baie goed verloop en ons het met 60 lopies gewen. Verder is daar teen skole soos Tuine, Silverton en Menlopark gespeel waarmee daar ook goed afgereken is.

Sover het die eerste krieketspan nog geen wedstryd verloor nie en het ons die B-afdeling gewen.

Daar moet nou nog in die finaal teen Menlopark se A-span gespeel word. Ons hou duim vas dat die Affies die knoop sal deurhaak.

Deur harde oefening en groot opofferings aan mnr Van Huyssteen se kant het die eerste span hierdie jaar sover goed presteer en ons hoop en vertrou dat hulle met die louere sal wegstap.

Goeie prestasies gedurende die wedstryde was: A. Manser 75 n.u.n.; C. Purchase 74 en N. van Wyk 38. Boulers wat baie goed presteer het, was A. Odendaal, M. Pretorius en S. du Plessis.

Sterkte vir die res van die jaar!



## Affies kry slae teen Grey

Affies het op gebruiklike manier, weer hierdie termyn kragte gemeet teen ons Vrystaatse vriende, naamlik Grey Kollege. Tydens die naweek van 5 Maart, het ongeveer vyftig Affies opgetrek om hulle staal te gaan wys. Twee busse was gevul met tennisspelers, gholfspelers, swemmers en skaakspelers. Ons het die Vrydagoggend in skooltyd gery en laat die middag daar gearriveer. Elkeen van ons was uitgeplaas by verskillende mense en die gasvryheid van die Vrystaters was treffend.

Saterdagoggend vroeg het die verskillende aktiwiteite reeds in aanvang geneem, en Affies het behoorlik die vind van voor op elke gebied gekry.


Ons tennisspelers het hulle jarelange rekord van oorwinning teenoor Grey gebreek en ons eerste span, het lelik op hulle neuse gekyk toe hulle met 6-3 verloor het. Met ons tweede span het dit aansienlik beter gegaan. Hier het Affies gewen met 5 wedstryde teenoor 4. Affies beskik dus nog oor daardie werklike diepte in sy tennis.

Met die swemmers het dit beter gegaan as wat dit vorige jare gegaan het. Daar het ons gekompeteer teen Grey en Queens Kollege. Grey het almal onder die "stof" geswem, maar Affies het darem tweede geëindig. Met ons waterpolospelers het dit minder goed gegaan en daar is beslis plek vir verbetering.

Ons skaakspelers moes ook tweede viool speel. Grey se vernuf was te veel vir die Transvalers en ons skaakspelers het huiswaarts gekeer, stert tussen die bene. Die telling was 9-1 in Grey se guns.

Ons gholfspelers was ongelukkig ook aan die verloorkant en die vier manne moes tevrede gewees het om een uit die vier wedstryde te wen.

Met hierdie kort oorsig van die Grey-naweek se gebeure, dink ek kan die Affies met reg sê dat die Vrystaters die Transvalers lelik onder die stof geloop het. Ons wil ons bedankinge oordra aan almal wat die uitstappie moontlik gemaak het, en in dieselfde asem 'n waarskuwing rig teenoor Grey: Affies kom weer volgende jaar . . .





## Susan le Roux Vroue Gimnasium

- Verslanking
- Diëte
- Fiksheidsklasse
- Groepklasse daagliks
- Verwyder slapheid en verbeter spiersterkheid
- Persoonlike advies
- Moderne danse
- Jazz gimnastiek

Tel.: 43-3915

Susan Immelman
BA (LO) Hons. (Pretoria)

Hoek van Burnett en Hildastraat
Ingang langs Franken Kunswinkel 1ste Vloer
Kamer 104 Hatfield

## Isabel Maas — Sportvrou van die Termyn



Isabel Maas is op 30 November 1966 op Sasolburg gebore. Reeds vanaf graad I neem sy aan atletiek deel, maar hardloop dwarsdeur haar laerskoolloopbaan meer vir die pret as vir prestasie. In 1980 begin Isabel haar hoërskoolloopbaan by Hoërskool Linden in Johannesburg. Vanaf St. 7 oefen sy die eerste keer in alle erns, en haar atletiekloopbaan kom goed op dreef. Sy verteenwoordig Lindenhoërskool op Interhoër en word ook gekies vir die Interbond-span (Johannesburgse skole).

Isabel word gedurende Junie 1982 'n Affie. As veelsydige sportvrou neem sy aan hokkie deel en stap sommer dadelik in die 3de span in.

By die Huissport is Isabel as die senior Victrix Lodorum aangewys. Met haar tye van 2m/8s is die 800m en 58s in die 400m kwalifiseer sy vir die Noord-Transvaal uitdunne.

Mooi so, Isabel, ons wens jou alle sterkte toe vir die komende jare!

# SA ADDIE!!



## Matriekvoorbereidings vir Interhoër


**Saterdag, 26 Februarie, het al die matrieks van Meisieshoër 'n heerlike partytjie in Magnoliadal gehou.**

Die dag het as volg verloop: Eerstens is daar wanhopig gesoek na een van jou kleinsussie se rokke wat jou sal pas. Dan is jou gesig versier met sproete en jou hare in twee poniesterte gebind. Laaste, maar geensins die minste nie, het jy gaan seker maak of die karamelhorinkies en roomtert nog goed genoeg daaruit sien. Vol opgewondenheid, met jou pop onder jou arm, is daar in die motor gespring en na Magnoliadal gejaag.

Ons het heerlik gesing en gespeel en rondgehardloop. Dit was fantasties lekker. Tussenin was daar darem ook nog vir die kulturele sy van die matrieks gesorg. Ons het 'n kunsuitstalling in die park besoek.

Dit was heerlik, en die matrieks het Interhoër, dié Maandagmoêre, met tonne gees aangepak.!

Heidi Rolfes
Redaktrise





# Sportman van die Termyn

Gerhard Tristum Swart, of soos hy aan ons almal bekend staan, Gerrie, is gebore op 22 Oktober 1965 op Koegas, 'n klein dorpie in die Noordwes-Kaap. Sy laerskoolopleiding ontvang hy op Lydenburg by die plaaslike laerskool. Reeds van jongs af het Gerrie uitgeblink op sportgebied. In St 4 en 5 het hy ook provinsiale kleure vir rugby ontvang waar hy vir Laeveld as senter op die veld gedraf het.

Op Lydenburg Hoërskool het Gerrie alreeds sy atletiek ernstig begin opneem. Sy voorkeur-item was nog altyd hekkies gewees. Toe hy in St 9 Affies toe kom, het hy alreeds vir homself naam gemaak in die N.Tvl-sportkringe. Hy het ook in 1982 N.Tvl Atletiekkleure verwerf. Een van Gerrie se grootste oomblikke was toe hy die wit trui vir Affies oor die kop getrek het. Op akademiese gebied is hy 'n voortreflike student met baie potensiaal. Hy beplan ook om na matriek ingenieurswese aan Tukkies te gaan studeer.

Affies wil hom alle sterkte toewens met die jare wat voorlê. Ons hoop om nog baie jare lank Gerrie se naam in sportkringe te hoor.



# Standerd ses atletiek

**Die oggendmis hang nog laag oor die blou paviljoene toe die eerste sessies, streep-streep bymekaar kom op die uitgestrekte atletiekveld. Namate die son se eerste strale die lang rugbypale van die baan laat skitter, drom babbelende wesentjies gretig bymekaar. Klaar tuis in die nuwe skool, begin hulle gesels oor allerhande ditjies en datjies.**

**'n Veelkleurige massa, almal was daar, en almal het deelgeneem. Lank of mank, klein of fyn, maer of vet, dit maak nie saak nie, maar elkeen is vasbeslote — haar groep gaan wen!**

Die groepe verdeel in hul onderskeie afdelings en klasse. Die een klas trotser as die ander: "Vandag sal ek darem die ou goed wys, ons klas sal wen!" So dink elke standerd sessie vasberade.

By die hoogspring dink talle klein pikkies dat die lat darem oneindig hoog is, en sê nou net ek kom nie oor nie en val dan nog boonop die mat ook mis, dit sal darem vir jou 'n deeglike kennismaking met moeder aarde wees hoor! Elkeen het egter probeer, en daar is op verskeie snaakse maniere oor die gevreesde lat gegaan.

Met die gewigstoot was daar 'n paar wie se dun armpies skoon geswik ht onder die gewig van die groot, blink, ysterbal.

"Eina!", is dikwels uit daardie rigting gehoor en dan was 'n hinkende, pinkende, standerd sessie met albei haar hande om een van haar voete sigbaar!

## Interhuis swem

Daar was heelwat meer Affies as gewoonlik by vanjaar se gala — tot die "Hotdog-CSV" se groot blydskap!

Die program het stiptelik om 14h00 begin en die een item na die ander is vinnig afgehandel. Tot voor die laaste vryslag-aflos-item het Huis Steyn 'n skrale voorsprong bo Huis Verster gehad. Die laaste drie aflosse het egter vir 'n ommeswaai gesorg en Huis Verster wen die 1983 gala. Selfs Die Koshuis het beter as gewoonlik gevaar en hul vorige rekord van 37 punte opgestoot na 'n hele 76½.

# Interhuis atletiek

**Vir die eerste keer vind die interhuis-atletiek op 'n Woensdagmiddag plaas. Gedurende die skooldag dreig die opgewondenheid kort-kort om uit te borrel en direk na skool is die paviljoen om die seunsveld al stampvol gepak.**

Die eerste item is die 3 000 m vir meisies. Dit is snikheet, en die moedige, doodmoeë atlete word as 't ware oor die wenstreep gehelp deur hul geesdriftige ondersteuners.

Die program verloop vlot. Rooi, geel, groen en ligblou Affies raak van al hulle frustrasies ontslae op die paviljoene. Dit sing, dit spring, dit skreeu, dit lawaai . . . En dan donder dit!

Beamptes, skoliere en atlete skarrel van die veld af op soek na skuiling. Reuse druppels plons neer, gevolg deur 'n egte wolkbreuk. Vir 40 minute kom die atletiek tot stilstand, terwyl die toeskouers lusting in die reën sing.

Nat bane, modderputte, gladde tartan — niks kan 'n Affie egter keer nie, en die program word gou-gou weer hervat. Die hekkie-items word egter na die volgende dag verskuif. Om ongeveer 22h00 is die laaste aflos verby en daarmee ook 1983 se Interhuis — tot menige Matriek se misnoeë!

Ons sê geluk aan die Huis Verster wat die geesbeker regtig verdien het. Ook aan die Malherbes, pragtig, die wentrofee het julle beslis toegekom!

## Denkers word gesoek

Die skaakklub beoog om hierdie jaar beter te vaar as verlede jaar. Al die Affies word uitgenooi om hul breinkragte hier ten toon te kom stel.

Alhoewel die klub uit vyftig lede bestaan, wil ons graag elke keer vier spanne inskryf vir wedstryde. Om hierdie ideaal te verwesenlik het ons almal se ondersteuning nodig, veral die seniors s'n.

Die oefentye is Maandae direk na skool in kamer 315. Ledegeld bedra R6,00 en dit sluit alle uitgawes in. Vir verdere besonderhede van mevv. Zaayman en Niemand of enige bestuurslede genader word.



Gedruk deur Promedia
Tel: 83-2301/2/3/4/5